**BOARD / RAAD**

**NO. R. 68** **29 JANUARIE 2016**

## WET OP DIE BEMARKING VAN LANDBOUPRODUKTE, 1996 (WET NO 47 VAN 1996), SOOS GEWYSIG

## WYSIGING VAN STATUTêRE MAATREëLS VIR SORGHUM, WINTERGRAAN, MIELIES EN OLIESADE

Ek, Senzeni Zokwana, Minister van Landbou, Bosbou en Visserye, handelende kragtens artikels 13, 18 en 19 van die Wet op die Bemarking van Landbouprodukte, 1996 (Wet No. 47 van 1996) soos gewysig-

(a) publiseer hiermee die wysigings van die statutêre maatreëls, in die bylae hieronder uiteengesit, soos onderskeidelik gepubliseer per Goewermentskennisgewing No's:

- 605 van 4 Junie 2008 soos gewysig - Statutêre Maatreël vir aantekeninge en opgawes met betrekking tot mielies en koring in- en uitvoere;
- 606 van 4 Junie 2008 soos gewysig - Statutêre Maatreël vir aantekeninge en opgawes met betrekking tot mielies, oliesade, sorghum en wintergraan; en
- 607 van 4 Junie 2008 soos gewysig - Statutêre Maatreël vir registrasie van sekere persone met betrekking tot mielies, oliesade, sorghum en wintergraan.

(b) verklaar dat genoemde wysigings op die datum van publikasie hiervan in werking tree.

**SENZENI ZOKWANA,**
Minister van Landbou, Bosbou en Visserye.

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

BYLAE

**A. Wysiging van die Statutêre Maatreël vir aantekeninge en opgawes met betrekking tot Mielies en Koring in- en uitvoere**

Die Statutêre Maatreël vir Mielies en Koring invoere en uitvoere soos gepubliseer per Goewermentskennisgewing No. 605 van 4 Junie 2008, soos gewysig, word soos volg gewysig:

1. Wysiging van die Woordomskrywing in klousule 1 van die Statutêre Maatreël

1.1 Die woordomskrywing van "SAGIS" is vervang deur die volgende woordomskrywing:

"SAGIS" die Suid-Afrikaanse Graan Inligtingsdiens NWM, 'n maatskappy sonder winsoogmerk soos omskryf in die Maatskappywet, 2008, oorspronklik ingelyf kragtens artikel 21 van die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973)

2. Inwerkingtreding en tydperk van geldigheid

2.1 Klousule 7: Die vervaldatum is gewysig deur "30 April 2016" te vervang met "30 April 2020".

**B. Wysiging van die Statutêre Maatreël vir aantekeninge en opgawes met betrekking tot Mielies, Oliesade, Sorghum en Wintergraan**

Die Statutêre Maatreël vir Mielies, Oliesade, Sorghum en Wintergraan soos gepubliseer per Goewermentskennisgewing No. 606 van 4 Junie 2008, soos gewysig, word soos volg gewysig:

1. Wysiging van die woordomskrywing in klousule 1 van die Statutêre Maatreël

1.1 Die woordomskrywing van "SAGIS" is vervang deur die volgende woordomskrywing:

"SAGIS" die Suid-Afrikaanse Graan Inligtingsdiens NWM, 'n maatskappy sonder winsoogmerk soos omskryf in die Maatskappywet, 2008, oorspronklik ingelyf kragtens artikel 21 van die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973)

2. Opgawes wat verstrek moet word deur eindverbruikers, invoerders, opbergers, uitvoerders en verwerkers van mielies, oliesade, sorghum en wintergraan moet soos volg wysig:

2.1 Klousule 6 (3) (a), (b) en (c) is vervang deur die volgende:

Opgawes moet gepos, afgelewer, of elektronies versend word na enige van die pos, aflewerings of e-pos adresse, faksnommers of enige ander elektroniese adresse soos aangedui op die opgawevorm.

2.2 Inwerkingtreding en tydperk van geldigheid

Klousule 7: Die vervaldatum is gewysig deur "30 April 2016" te vervang met "30 April 2020".

**C. Wysiging van die Statutêre Maatreël vir registrasie van sekere persone met betrekking tot Mielies, Oliesade, Sorghum en Wintergraan.**

Die Statutêre Maatreël vir Mielies, Oliesade, Sorghum en Wintergraan soos gepubliseer per Goewermentskennisgewing No. 607 van 4 Junie 2008, soos gewysig, word soos volg gewysig:

1. Wysiging van die woordomskrywing in klousule 1 van die Statutêre Maatreël

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

1.1 Die woordomskrywing van “SAGIS” is vervang deur die volgende woordomskrywing:

“SAGIS” die Suid-Afrikaanse Graan Inligtingsdiens NWM, ‘n maatskappy sonder winsoogmerk soos omskryf in die Maatskappywet, 2008, oorspronklik ingelyf kragtens artikel 21 van die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973)

2. Aansoek om registrasie as eindverbruiker, invoerder, opberger, uitvoerder en verwerker van mielies, oliesade, sorghum en wintergraan moet soos volg wysig:

2.1 Klousule 6 (3) (a), (b) en (c) is vervang deur die volgende:

Aansoekvorms moet gepos, afgelewer, of elektronies versend word na enige van die pos, aflewerings of e-pos adresse, faksnommers of enige ander elektroniese adresse soos aangedui op die aansoekvorm.

2.2 Inwerkingtreding en tydperk van geldigheid

Klousule 7: Die vervaldatum is gewysig deur "30 April 2016" te vervang met "30 April 2020".

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**